

SGF CLIMATE CHANGE ADAPTATION

RESOURCES FOR FARMERS & HERDERS

Veld & Vee Monitoring

Jozua Lambrechts, Lambrechts Educational Services

July, 2017

Monitering

Monitering vorm `n belangrike fase van die BEPLAN – MONITEER – KONTROLEER – HERBEPLAN (indien nodig) proses van bestuur en deurlopende verbetering van die produksieketting van die boer.

MONITERING sluit in die monitering van die VEE en VELD.

Die hoof aanwysers vir VEE MONITERING is:

1. Vee is veilig
2. Vee is gesond
3. Vee is produktief

Die hoof aanwysers vir VELD MONITERING is:

1. Effektiewe watersiklus
2. Produktiewe plante
3. Diversiteit van plante

Die praktiese doen van VEE en VELD MONITERING word op die volgende bladsye verder ontwikkel. Saam daarmee is daar ook MONITERING vorms en ANALISE en KONTROLERING vorms om die inligting ingewin, verder te gebruik in die bestuursproses.

Veld monitering

Veld monitering deur herders/veebeheer beamptes moet op 'n daaglikse basis geskied en sluit die volgende in:

1. Het jy vandag areas gesien waar die grond kaal is en 'n harde kors het? Wat het jy gedoen om dit aan te spreek of wat kan gedoen word om dit aan te spreek?
2. Het jy vandag areas gesien waar erosie begin of plaasvind? Wat het jy gedoen om dit aan te spreek of wat kan gedoen word om dit aan te spreek?
3. Hoe lank was die herstelperiode van die plante voordat hulle vandag bewei is?
4. Het jy vandag enige meerjarige grasplante gesien wat slegs oorleef deur in bosse te groei, of wat oorbewei is of wat oorruis is?
5. Het jy vandag enige bossies gesien wat oorbewei is?
6. Het jy vandag enige struik of boom gesien wat oorbewei is?
7. Wat kan jy doen om meer plantmateriaal te groei?
8. Wat kan jy doen om 'n groter verskeidenheid van plante te groei?

Bespreek bogenoemde op 'n gereelde basis met die boer.

Veld monitering deur die boer moet ten minste een keer per jaar in 'n beweidingsarea gedoen word. (behoort beide die winterweidingsarea en ook die somerweidingsarea in te sluit) Ons gebruik as basis vir die veldmonitering die beginsels en prosesse soos uiteengesit in die vereenvoudigde Land Monitoring bestuursgids wat ontwikkel is deur die Africa Centre for Holistic Management en die Savory Institute.

Die monitering behels die volgende stappe

1. Neem van fotos.
2. Voltooiing van 'n moniteringsvorm.
3. Bespreking en analise van die resultate.
4. Besluit hoe die inligting gebruik sal word tydens beweidingsbeplanning, bestuur van vee en ander bestuurspraktyke.

Sien asb toepaslike vorms op volgende bladsy. Die vorms is aangepas om die ekologiese konteks van die omgewing in ag te neem.

Veld Monitering

Datum: _____

Boer: _____

Naam/nommer van kamp _____

Naam van punt: _____

Veld tipe: _____

Grond tipe: _____

Moniteerders:

Monitering van watersiklus

<i>Merk een van die volgende blokkies: Blokkie 1 = "baie min" of "net 'n bietjie" Blokkie 2 = gemiddeld Blokkie 3 = baie</i>	1	2	3
1. Is die grond kaal? (sonder plante en deklaag)			
2. Het die grond 'n kors?			
3. Is daar tekens van erosie? (grond wat begin beweeg)			
4. Is die grond tussen plante bedek met deklaag (dooie plantmateriaal)?			
5. Is daar genoegsame plante?			
6. Hoeveel water sal infiltreer in die grond tydens 'n reën bui?			
7. Hoeveel water sal afloop tydens 'n reën bui?			
8. Hoeveel water in die grond sal verdamp na 'n reënval?			

Lees vraag en merk JA of NEE	JA	NEE
1. Is daar gedeeltes waar die kaal kolle kleiner raak?		
2. Is daar gedeeltes waar die kors opgebreek raak?		
3. Is daar tekens dat die deklaag meer raak?		
4. Is die watersiklus besig om beter te raak?		

Monitering van plante

Lees vraag en merk JA of NEE	JA	NEE
1. Is daar hoofsaaklik eenjarige plante (grasse en opslag)?		
2. Is daar hoofsaaklik vetplante?		
3. Indien meestal eenjarige plante en/of vetplante, is daar ook meerjarige grasse, bossies en struike wat besig is om in te kom? M.a.w. daar is jong grassies, bossies en struike wat hulself vestig?		
4. Is die meerjarige plante wat inkom, meer vreetbaar?		
5. Is die meerjarige grasse hoofsaaklik te vind binne in bossies of struike waar dit beskerm word teen beweiding?		
6. Is die meerjarige grasse meestal te vind in oop gedeeltes waar dit beweikan word?		
7. Het die meerjarige grasse hoofsaaklik dun blare?		
8. Het die meerjarige grasse hoofsaaklike breë blare?		
9. Is die meerjarige grasse polvormende (regop groeiend) grasse?		
10. Is die meerjarige grasse hoofsaaklik kruipend (plat groeiend) grasse?		
11. Is daar tekens van meerjarige grasse wat oorbeweie is?		
12. Is daar tekens van grasse wat oor-rus is?		
13. Is die bossies hoofsaaklik vreetbare bossies?		
14. Is daar tekens van bossies wat oorbeweie is?		
15. Is die struike hoofsaaklik vreetbare struike?		
16. Is daar tekens van struike wat oorbeweie is?		
16. Raak die verskeidenheid van plante meer?		

Merk een van die volgende blokkies: Blokkie 1 = "baie min" of "net 'n bietjie" Blokkie 2 = gemiddeld Blokkie 3 = baie	1	2	3
1. Is daar tekens van grasse wat oorbeweie is?			
2. Is daar tekens van grasse wat oor-rus is?			
3. Is daar tekens van bossies wat oorbeweie is?			
4. Is daar tekens van struike wat oorbeweie is?			
5. Is daar tekens van bome wat oorbeweie is?			

Reënval

Dui reënval per maand aan deur blokkies in te kleur. Reënval in millimeter.

100												
90												
80												
70												
60												
50												
40												
30												
20												
10												
	Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des

Analise van die monitering en aanspreek van afwykings

Monitering van die landskap en aanspreek van afwykings moet in konteks gedoen word van die visie vir die landskap en ekosisteemprosesse. Boere moet kennis dra van die ekologiese gereedskap wat tot hul beskikking is, die impak van die gebruik van die gereedskap asook aanpassings in beplanning en implementering.

1. Wat het verander sedert die vorige monitering?

(Laat weg indien monitering die eerste keer is)

- *Gond oppervlakte (in terme van kaal, korsie en deklaag):*
- *Meerjarige grasse:*
- *Bossies:*
- *Struike:*
- *Opslag en eenjarige grasse:*
- *Vetplante:*
- *Ander:*
- *Waterbronne (fonteine, riviere, boorgate):*

2. Is die watersiklus en dus reënval besig om meer effektief te raak? Met ander woorde daar is groter infiltrasie van water in die grond, minder afloop en erosie, en minder verdamping uit die grond uit?

Indien nie, wat is die moontlik redes hiervoor?

Indien nie, watter verandering moet daar gemaak word in terme van:

- *Beweidingsbeplanning*
- *Bestuur van vee deur herders?*
- *Ander?*

3. Is die plante besig om meer te raak, is die plante meer produktief, is die verskeidenheid groter en is daar meer vreetbare plante? Met ander woorde daar is minder kaal kolle, daar is meer plantmateriaal om te vreet vir vee en wild en vir deklaag, en 'n groter verskeidenheid?

Indien nie, wat is die moontlike redes hiervoor?

Indien nie, watter veranderinge moet gemaak word in terme van:

- *Beweidingsbeplanning*
- *Bestuur van vee deur herders?*
- *Ander?*